SAIV WEL-EN-WEË-BRIEF – DESEMBER 2023

Dagsê Veteraan, met hierdie Wel-en-Weë-Brief wil die SAIV veterane in kontak bring met mekaar deur kennis te neem van jul welstand en wetenswaardighede en om allerlei brokkies nuus mee te deel.

➢ KERSBOODSKAP 2023 VAN GENL-MAJ (AFT) GERT OPPERMAN, PRESIDENT VAN DIE SA INFANTERIEVERENIGING

Met Kersfees 2023 op hande, is daar by my twee oorheersende behoeftes. Eerstens, om te vergeet van alles wat die afgelope jaar verkeerd mag geloop het, hetsy op persoonlike- of watter ander vlak ookal, en om dít wat nie as bagasie die toekoms ingeneem hoef te word nie, agter te laat. Tweedens, om nooit te vergeet waarvoor en hoeveel ons het om voor dankbaar te wees nie, in besonder die grootste Kersgeskenk van almal wat ons onverdiend ontvang het. As dit nie vir Sy koms, kruisiging en opstanding was nie, sou ons Christelike geloof ongegrond, leeg en betekenisloos gewees het.

Ons dink in hierdie Kersgety in besonder aan geliefdes, vriende en kamerade wat ons die afgelope jaar ontval het en hulle naasbestaandes vir wie daar 'n moeilike tyd voorlê.

Aan alle Infanteriste, oud en dienend, en hulle geliefdes word 'n geseënde Christustyd toegebid!

➢ Kersboodskap uit Lukas 2:8-20

- In Lukas sê die engel: "…ek bring vir julle 'n goeie tyding van groot blydskap… Vandag is daar vir julle die Verlosser gebore, Christus die Here!"
- Dit laat ons dink aan die lied: "Bring my die ou-ou tyding, die tyding van Gods heil, van Jesus sondaarsliefde, die liefde sonder peil'. ('Peil' beteken sekerlik 'sonder grense' of 'onpeilbaar'.)
- Jesus is God se geskenk aan ons almal, maar in die eerste plek vir elke hoorder/leser.
- Matteus en Lukas vertel van talle mense wat Jesus besoek het na Sy geboorte: daar was herders, wyse manne, kerkleiers, gewone mense, regeringslui…
- Maar, eintlik moet alles in die eerste persoon gesê word… Jesus is mý Verlosser wat gebore is.
- Hoeveel van hierdie mense het in daardie tyd 'n kopskuif vir Jesus gemaak – hul lewensdenke verander?
- Tydens WO2 het 'n Amerikaanse kapelaan en 'n Roomse priester goeie vriende geword. Toe die kapelaan in een van die veldslae sterf, wou die priester sy vriend by sy kerk begrawe. Alhoewel

die VSA toestemming daarvoor gegee het, wou die priester se kerk dit nie toelaat nie.

- Toe die kapelaan se vriend op 'n dag sy graf besoek, begelei die priester hom daarheen met die woorde: "Ek is aangesê waar ek hom nie mag begrawe nie, niemand het vir my gesê dat ek nie later die heining mag skuif nie…"
- Hoeveel mense wat vandag nog na Jesus luister, skuif hul kampies se hoekpale só vér om Jesus volledig in te sluit. Selfs op Kersdag?
- Hoeveel mense skuif in totaliteit die hoekpale van hul lewensdenke?
- Selfs Paulus verskuif ook sy hoekpale in Romeine 12: "…op grond van die groot ontferming van God…"
- Dan sien ons in ons geestesoog die ou priester se bewende hande wat met trots kan wys – miskien met 'n traan in die oog – daar is sy laaste rusplek, ek het die hoekpale spesiaal net vir hom geskuif - ook terwille van Hom!
- Het jy dalk al jou kampie se hoekpale uitgetrek vir Jesus?
- 'n Geseënde Christusfees vir jou op grond van die groot ontferming van God!

➢ **Verjaarsdagwense** aan die veterane, asook die gades wat hierdie maand verjaar.

❖ Die verjaarsdagsteen vir Desember is Turkoois/Chrisopraas en simboliseer vooruitgang en welslae.
❖ Vgl Openb 21:20.
❖ Verjaarsdagblom: Narsing

➢ Spoedige Beterskapswense aan:

- Lt. Genl. Wessel Kritzinger, Senior Lid, word tuis versorg.
- Genl. Maj. Hennie Schultz, Senior Lid, beenmurgkanker.
- Brig. Genl. Lee Le Crerar, Senior Lid, ontvang mediese sorg.
- Brig. Genl. Johann (Vossie) Vorster, Senior Lid, ontvang mediese sorg.
- Wickus van der Linde, SAIV Voorsitter, 'n skouer- en 'n rugoperasie ondergaan.
- Geoff Holland-Muter, SAIV Sekretaris, ontvang mediese sorg.
- Sam Thwaites, Tuinroete Lid, ontvang mediese sorg.
- Flip Marx, drastiese beterskap na maandelange ongesteldheid.
- Herman de Beer, Melksbosstrand, in Vredenburg 'Step-down', ontvang mediese sorg.
- Robbie Godley, West Rand Branch, at Swartruggens, still dependent from COPD.
- Peet Dreyer, Centuriontak, sukkel met asemnood en gebruik suurstof.
- Dirk Botha, Hoëveldtak, ontvang mediese sorg na operasie.
- Dawid Botha, Trans Magaliestak, ontvang mediese sorg.
- Johan Steenkamp, Hoëveldtak, ontvang mediese sorg.
- Mercia Coetsee, Centuriontak, heupvervangingsoperasie beplan vir Januarie 2024.
- Steve Noonan, Wesrandtak, operasie aan knieë in Januarie 2024.
- Kallie Pienaar, Wesrandtak, ontvang mediese sorg.
- Ben Bopp, Wesrandtak, wag vir die uitslag van 'n biopsie.
- Leon le Roux, NUR Webmeester, katarakoperasie in albei oë ondergaan.

- **Koringkorrel – 'n Bede ook vir 'n spoedige beterskap vir ons lede** – In aansluiting van Ps 23 vers 3 (Hy lei my op die regte pad).

  "Ek glo glad nie meer aan toeval nie omdat ek weet – met 'n aangename sekerheid – dat dit wat toevallig lyk juis die plan is wat God met my lewe het." (Ulrich Schaffer)

- **'n Mondvol**

  "Ek het nog nooit van 'n politiek gehoor wat nie met mooi woordjies ondersteun word nie." (Langenhoven)

- **Kontak**: Wel-en-Weë-Brief: welenwee@sainfantry.co.za

- **Nuusbrokkies – Taknuus:**

  - **Wesrand:**
    - **Nuwe Komiteelede:** Doug Madden (Voorsitter); Mike Bopp (Visie Voorsitter); Chris Schutte (Welsyn); Steve Noonan (Sersant-majoor); Anton Viljoen (Reëlings).

    - **Toekenings by Gala-aand 28 Oktober 2023 aan:**
      - ✓ **Tak:** Tak van die Jaar, tweede agtereenvolgende jaar.
      - ✓ **Doug Madden:** Goeie Kameraad en Orde van Peditatus.
      - ✓ **Goeie Kameraadtoekenings aan:** Johnny Steenkamp & Steeve Noonan.
      - ✓ **Sertifikate aan:** Mike Bopp; Anton Viljoen; Andre Berg; Charles Steyn; Chris Schutte; Johan Broodryk; Pierre Viljoen; Stephan Maasdorp & Tom Venter.

  - **Trans Magalies:**
    - **Nuwe Komiteelede:** Nick van der Merwe (Voorsitter); Anton Schmall (Visie Voorsitter); Frikkie Diedericks (Sersant-majoor).

    - **Toekenings by Gala-aand 28 Oktober 2023 ontvang:** Nick van der Merwe, Bertus Marx & Melt Esterhuizen.

  - **Hoëveld:**
    - **Algemene Jaarvergadering 2023:** 23 lede woon dit by.

    - **Nuwe Komiteelede:** Chris Sonnekus (Voorsitter); Abie Smit (Visie Voorsitter); Hennie Kruger (Seremonieel]; Liezel de Jonkheer (Welsyn) en Hein Müller (Sersant-majoor).

    - **Toekening by Gala-aand 28 Oktober 2023 ontvang Veteraan van die Jaar:** Liezel de Jonkheer.

    - **Wapenstilstanddag Parade 11 November 2023:** 22 lede het in volle SAIV drag aan die parade deelgeneem.

  - **Centurion:**
    - **Maandelikse Nuusbrief:** Charlotte Labuschagne (Visie Voorsitter) stuur dit maandeliks uit.